# Les 05 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: WANT HY Sê SO!

## 1. Die doop wys ons die Here het belowe

### Kom ons lees verse 38 en 39 saam uit Handelinge 2:

38 *Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.* 39 *Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."*

Dit is wat ons doop vir ons wys: God het belowe! Petrus sê hulle moet gedoop word – want God het belowe!

Daar is twee maniere om te belowe:

- Die een manier van belowe is om te belowe wat jy vorentoe gaan doen. Dit is soos wanneer vir jou maatjies belowe jy gaan die naweek by hulle kom speel. Jy sê jy gaan nog na hulle toe kom en jy gaan nog vorentoe in die week by hulle kom speel. Dit is ook soos Pa en Ma wat belowe dat julle met die volgende vakansie see toe gaan. Dit moet nog kom en dit moet nog gebeur.

- Die ander manier van belowe is om te sê dat iets regtig is soos wat jy dit gesê het. As jy vir jou maats vertel jou pa het vir jou 'n fiets gegee en jy wil seker maak hulle weet dat dit regtig so is soos wat jy sê, dan sê jy vir hulle: "Ek belowe". As jy sê "Ek belowe", dan beteken dit dat dit regtig is soos wat jy sê. Dit beteken nie jy gaan iets later doen nie.

Van watter "belowe" word gepraat in die Bybelvers: *39 Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."*

Is dit: God sal later vir ons iets doen, iewers in die toekoms? Of is dit: God het dit regtig gedoen, God het regtig gedoen wat Hy gesê het?

## 2. Wie sê? Ek sê!

Kom ons kyk na Esegiël 37 vers 14: *14 Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen," sê die Here.*

Het julle al gesien as twee klein seuntjies stry, hoe doen hulle dit? Hulle maak só! Die een sal sê: "Die Springbokke gaan die Engelse wen!" Dan sal die ander een sê: "Nee, die Springbokke gaan verloor!" Dan sal die eerste een dit weer harder sê: "Die Springbokke gaan wen!" en dan sê die ander een weer harder: "Nee, die Engelse gaan wen!" As hulle klaar ewe hard gesê het dan sal een sê: "Wie

sê?! Wie sê hulle gaan wen?" Dan sal die ander een sê: "My pa, sê só! Dis wie só sê!"

Hierdie seun glo, as sy pa só sê, dan is dit soos sy pa sê!

Maar as twee groot seuns stry, sal hulle ooit vir mekaar sê: "My pa, sê só"? Nee, hulle sal sê:"Ek sê só!" Hulle sê so en daarom is dit soos hulle sê! So maak hulle.

Kyk wat sê die Here in vers 14: "*Ek het dit gesê en Ek sal dit doen*" *sê die Here*."

Dit is hoe die Here belowe: Hy sê en Hy doen! Die Here belowe nie deur te praat oor wat in die toekoms gaan gebeur nie. Die Here se "belowe" is nie 'n toekomsvoorspelling nie. Dit is wat die Here regtig doen omdat Hy só gesê het.

Die Here se "belowe" is altyd die tweede een: Hy sê Hy doen dit regtig en dit is regtig soos wat Hy sê!

**3. <u>Die Here sê gelowige ouers se kinders behoort aan Hom</u>**

Kom ons kyk weer na Handelinge 2 vers 39. "*Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders*"

Wanneer die Here vir ons sê Hy belowe, wat belowe Hy?

- Hy sê dat Hy regtig al ons sondes vergewe. Hy vat al ons sonde weg. Wanneer die Here ons sonde wegvat, is ons nie meer skuldig nie. Wanneer die Here ons sonde wegvat, dan maak Hy ons harte en gewetes skoon. Dit is soos met ons ouers. Ons ouers koop en betaal vir alles wat ons kry – ons betaal vir niks met ons eie geld nie. Ons ouers sorg ook dat ons altyd skoon en netjies is. Hulle bad ons en hulle gee vir ons mooi klere en was elke dag ons klere. Net so sê die Here, sorg Hy altyd dat ons sondes alles betaal is en ons nie skuldig is vir sondes wat ons doen nie. Hy sorg dat ons altyd skoon en rein is, al leef ons nie so nie.

- Hy sê ons is regtig Syne: ons behoort aan Hom en ons is Sy kinders. Die Bybel noem dit: ons het die Heilige Gees as gawe ontvang. Hy is altyd met ons en sorg vir ons. Ons is Syne.

Dit is wat die Here belowe: dit is regtig só! Hy sê dit is só en daarom is dit só!

Maar kyk nou wat het die Here vir julle ouers gesê: Hy het belowe dat julle ouers Sy kinders is – en dat julle ook Syne is. Dit is hoe die Here belowe: 'n pa en ma wat in Hom glo, is Syne en hulle behoort aan Hom en dan sê die Here – julle kinders is ook Myne.

Wanneer die Here belowe, dan belowe Hy nie net vir jou nie, maar ook vir jou kinders. Dit is ook met jou só! Die kinders wat jy eendag sal hê, die Here belowe hulle sal ook Syne wees en hulle sondes sal Hy ook wegvat.

Hoekom is dit só: Ons en ons kinders behoort aan die Here! Ons en ons kinders se sondes is skoongewas? Dit is só, want die Here sê dit is só en dan is dit só – Hy belowe dit is só!

**4. <u>As die Here sê, dan maak Hy soos Hy sê</u>**

Maak die Here maar net soos kinders wat maak asof dinge is soos hulle sê, net omdat hulle dit hard sê? Of doen die Here wat Hy sê? Kom ons kyk! Kyk hoe werk dit as die Here iets sê in Genesis hoofstuk een! Hier wys die Bybel ons hoe die Here alles gemaak het. Kyk wat gebeur as die Here iets sê!

*3 Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig.*

*6 Toe het God gesê: "Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei." 7 So het dit gebeur.*

*9 Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word." So het dit gebeur.*

*11 Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit." So het dit gebeur.*

*14 Toe het God gesê: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui. 15 Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee." So het dit gebeur.*

*24 Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard." So het dit gebeur.*

Sien julle, God is die Skepper, en as Hy iets sê, dan is dit nie sommer net praat of sommer net wens nie. Die Here maak nie maar sommer asof dinge is soos Hy sê nie. Wat hy sê, gebeur. As Hy sê: "Laat daar ligte wees", dan skep Sy woord al die sterre en planete wat ons sien en ken. Net omdat Hy so sê. Wat Hy sê, laat Hy gebeur – met Sy almag laat Hy dit gebeur soos Hy sê dit is.

Kyk wat het die Here vir ons gesê: "*Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders*". En as God dit só sê, dan is dit hoe dit gebeur. Net soos alles gebeur het toe Hy alles gemaak het.

Julle behoort aan die Here – want dit is soos die Here dit vir julle ouers gesê het en ook vir julle sê: Julle en julle kinders behoort aan die Here en hulle sondes is weggewas.

**5. Ons doop wys wat die Here belowe, nie ons ouers nie**

Wanneer ons gedoop word, wie belowe dat ons regtig die Here se kinders is: is dit die Here wat belowe of is dit ons ouers wat belowe?

Toe julle gedoop is, het julle pa's en ma's ook belowe. Maar hulle het heeltemal iets anders belowe as die Here. Hulle het belowe dat hulle julle sal vertel julle behoort aan die Here. Hulle het belowe hulle glo julle behoort aan die Here en dat hulle julle sal behandel soos kinders wat aan die Here behoort. Hulle het belowe dat hulle julle na die kategese toe sal bring sodat die kerk ook vir julle kan vertel julle behoort aan die Here.

Is dit dan die rede hoekom julle gedoop is, omdat julle ouers beloof het om julle te vertel julle behoort aan die Here?

| |
|---|
| Nee, die doop wys nie dat julle ouers belowe nie.<br>Die doop wys dat die Here belowe. |

Hy belowe – julle is Sy kinders: julle behoort aan die Here en al julle sondes is vir altyd vergewe. Die doop is 'n teken wat wys wat die Here belowe en dat Hy dit aan julle belowe het.

Ouers moet maar net vir julle vertel: "Die Here het belowe julle behoort aan Hom en al julle sondes is vir altyd weggewas." Die doop wys nie wat ons ouers vir ons vertel nie, dit wys vir ons wat die Here laat gebeur.

**6. Die water wys wat die Here belowe**

Hoekom is julle met water gedoop? Wat doen 'n mens met water?

'n Mens was alles wat vuil is met water, en dan is dit skoon.

Net só is die water 'n simbool wat vir ons wys – die Here het belowe Hy sal altyd sorg dat ons skoon is, en al ons sondes vir altyd weggewas is. Hy sê dit is só en daarom is dit só!

**7. Werksopdrag**

- Gaan vra vir Pa of Ma wat is jou oupa en ouma se volle name, jou oupa en ouma aan jou pa se kant en jou ma se kant.

Jy kan vir Pa en Ma sê: Die Here het vir Ouma en Oupa belowe, en dit was só. Die Here het vir Pa en Ma belowe, en dit is só. Die Here beloof ook aan my: ek en my kinders behoort aan die Here en is vergewe.

Hy sê só en daarom is dit só!

______________________________.
Handtekening: ouer of voog.